



# WOLBOER

---

# WOOL FARMER



*This e-newsletter is compiled from sources that are deemed reliable.  
However, the publisher accepts no responsibility for any errors or the effect of any decisions based on this publication.*



**NOVEMBER 2016**

**NWKV Nuusbrief 45 / NWGA Newsletter 45**

**CMW is die hoofborg van hierdie nuusbrief.**

Inform us about events in your area or if you want to receive the newsletter. Contact Karen Grobler at 082 774 7008 or send an email to [karen@agricconnect.co.za](mailto:karen@agricconnect.co.za) or Bonita Francis [nwga@nwga.co.za](mailto:nwga@nwga.co.za) or call 041 365 5030.



Remember to visit our Facebook page.

The link is <https://www.facebook.com/pages/NWGA/679678912058277>

## >>> Inhoud >>> Content

1. Inkleurkompetisie leer ons jonges van wol
2. Eertydse wêreldskeerkampioen kom leer by die beste in SA
3. Welverdiende Springbokkop
4. Agri SA bedank affiliasies
5. NWKV vereer Ona Viljoen
6. Noupoot Jongooi-Merinoklub 2016
7. Noord-Kaapse boere lewer wol van 'n uitnemende gehalte



# 1

## Inkleurkompetisie leer ons jonges van wol



Die Wes-Kaapse NWKV het tydens die Agri Megaweek op Bredasdorp groot opwinding veroorsaak toe laerskoolkinders genooi is om aan 'n inkleurkompetisie deel te neem. Graad 1-tot 3-leerders van Proteem Primêr naby Bredasdorp het baie plesier daaruit geput om skaapprentjies in te kleur. Alicia, Queen en Dibuseng is deur die mede-uitstallers as die drie weners aangewys. Al drie het 'n paar wolpantoffels van die NWKV ontvang. 'n Kontantprys is ook aan die betrokke skool geskenk.



# 2

## Eertydse wêreldskeerkampioen kom leer by die beste in SA

Wanneer skaap geskeer word, blink bloedweinig mense in beide masjien- en handskeer uit. Izak Kloppe, NWKV-bestuurder: skeerderopleiding, meen die vermoë om in albei vaardighede 'n meester te wees, is 'n buitengewone eienskap.

Dit is egter hoe mens George Mudge van Engeland kan beskryf. Hy is tans in Suid-Afrika ter voorbereiding van die wêreldkampioenskappe vir skeerders wat in 2017 in Nieu-Seeland gehou gaan word. Mudge is die enigste deelnemer wat voorheen vir die finale rondes van die wêreldkampioenskappe in beide masjien- en handskeer gekwalifiseer het. Hy het Engeland in 1980 en 1984 in albei kategorieë verteenwoordig en is daarna as een van die top ses skeerders ter wêreld aangewys.

Op 'n vraag oor hoekom hy dan so graag Suid-Afrika toe wou kom ter voorbereiding van die kampioenskappe, antwoord Mudge sommer maklik dat hy by die beste skeerders wou leer. Volgens hom kan mens net met lof praat van die vaardigheid waarmee Suid-Afrikaanse skeerders hul werk doen.

Verlede week was Mudge besig om saam met Mayenzeke Shweni, die huidige 2014-wêreldhandskeerkampioen, in die omgewing van Lady Frere te skeer. Sy vrou, Ann, is hoogs in haar skik dat haar man op 69-jarige ouderdom weer die kampioenskappe gaan aandurf. Vanweë sy ouderdom het hy besluit om hierdie slag slegs die handskeerkampioenskappe aan te durf. Die NWKV wens hom alle voorspoed toe en vertrou dat sy herinnering aan Suid-Afrika blywend sal wees.



### 3 Welverdiende Springbokkop

Herman Venter van Bokkraal, Philipstown, was baie trots toe hy onlangs die Springbokkop-sertifikaat en -merkplaat aan sy plaasvoorman, Velile John Mbana, kon oorhandig. Velile het 79,6% behaal tydens 'n Springbokkopkursus wat in Junie tydens die eerste interkouskompetisie vir jongooie op Philipstown aangebied is. Velile het die hoogste slaagsyfer behaal van die 12 persone wat die kursus bygewoon het. Welgedaan, Velile!



### 4 Agri SA bedank affiliasies



Agri SA het tydens hul 2016-jaarkongres erkenning aan die NWKV verleen vir hul gewaardeerde lidmaatskap. Die NWKV is bedank vir hul voortgesette ondersteuning van Agri SA se aktiwiteite in ooreenstemming met hul grondwet. Tydens 'n strategiese beplanningssessie in die Baai het Omri van Zyl, Agri SA se uitvoerende direkteur, 'n sertifikaat aan Leon de Beer, die NWKV se hoofbestuurder, oorhandig.



## 5 NWKV vereer Ona Viljoen

Ona Viljoen en haar man Jan was Juniemaand op reis in Oezbekistan toe die NWKV haar in haar afwesigheid met 'n merietesertifikaat tydens die nasionale kongres in Port Elizabeth vereer het. Die sertifikaat is verlede week aan haar oorhandig tydens die NKWV se nasionale bestuursfunksie by die Woltoetsburo.

Ona het bykans 'n leeftyd aan die wolbedryf toegewy. Sy het in 1980 by die skakelafdeling van die destydse Wolraad begin werk. Haar stem was sinoniem met wolmarkpraatjies oor die radio. Sy het ook gereeld op TV-nuus verskyn wanneer onderhoude oor wolgebeure met haar gevoer is. Ona is steeds alombekend in boerderykringe. Sy was vanaf 2011 tot 2015 die redaktrise van die *Wolboer/Wool Farmer*.

'n Gepaste toekenning vir 'n welverdiende kandidaat. Geluk Ona!



## 6 Noupoot Jongooi-Merinoklub 2016

Sedert 2010 meet Noupoot se Jongooi-Merinoklub hul jongooitjies noukeurig. Hulle wil graag die mees ekonomiese ootjies, asook groep ootjies, so akkuraat moontlik identifiseer op grond van wolgroei en massatoename. Vanjaar het 13 boere deelgeneem en is die bekende stoetboer P'drino Merino van Trompsburg in die Vrystaat ook genooi om in te skryf. Lede van die groep skryf ses speenootjies in. Die ootjies is tydens inname ses maande oud, en word dan vir 'n tydperk van agt maande by een van die lede geëvalueer. Die gasheer vir 2016 was Jim de Villiers van Toitdale, Noupoot.

By inname en tydens die ope dag, gedurende die toetstydperk, word die beste vyf ootjies volgens die hand-en-oog-metode geselekteer. Wolmonsters word dan geneem en ontleed. Die waarde van die wol word gekoppel aan die pryse van die laaste drie wolvelings voor die finale beoordelingsdag. Kategorieë waarin deelgeneem word (per groep ootjies en individuele ootjies) is beste totale waarde (vleis en wol), hoogste vleiswaarde, hoogste wolwaarde en hand-en-oog-klassering.

Dykie de Villiers is aangewys as die 2016-wenner van die mees ekonomiese ootjies. Besoek die NWKV se Facebook-blad vir 'n volledige artikel deur Juan Venter, NWKV-produksie-adviseur in die Oos-Kaap.



## 7

## Noord-Kaapse boere lewer wol van 'n uitnemende gehalte

"Wol van 'n ongelooflike gehalte", is hoe dr. Louis du Pisani van die NWKV die wol beskryf het wat die deelnemers aan die onlangse Fraserburgse vagkompetisie voor-gelê het. Die NWKV se nasionale voorsitter, Guillaau du Toit, se wol was deel van die 72 vagte wat deur BKB se Werner Olivier, Keith Coetzee en Adri de Klerk beoordeel is. Die volgende persone is as wenners aangewys:

1. Beste ooivag en algehele wenner: Phillip en Kobus Symington
2. Beste ramvag: Kowie en P.J. Olivier
3. Tweede ooivag: Piet en Pieter le Roux



WOLBOER   
WOOL FARMER

**MAXIMISE**



**return on your investment.**



**100% targeted communication to ALL wool producers and stakeholders.**

To advertise your products, services and auctions contact Ilse Liveris and her team.



012 843 5717 / 072 708 4401  
• [ilsel@agricconnect.co.za](mailto:ilsel@agricconnect.co.za)





**Saam bereik ons meer  
Together we achieve more**

CMW Vesel, 'n divisie van OVK, is die grootste makelaar van sybokhaar in die wêreld en die tweede grootste wolmakelaar in Suid-Afrika. Dienste sluit in:

CMW Fibre, the Wool and Mohair brokering division of OVK, is the largest mohair broker in the world and the second largest wool broker in South Africa. Services include:

- Aflaai fasiliteit vir vragmotors • Off-load facilities for trucks
- Nuwe hoë digtheidspers vir verskeping • High density press for shipping
- Kliëntefinansiering • Client Financing
- Professionele tegniese velddienste • Professional technical field-services
- Skeerdiens • Shearing services
- Wol- en bokhaarhersoortering • Wool and mohair resorting

CMW Port Elizabeth - 041 406 7500 / OVK Ladybrand - 051 923 4500

# CMW Vesel / Fibre

